



# Die Rietfluit

JAARTEMA:  
**Saam met Jesus...**

September 2019

## Liewe Lidmaat

**DIT IS BELANGRIK OM AAN 'N KERK TE BEHOORT EN GEREELD KERK TOE TE GAAN** (*hierdie is in opvolg van verlede maand se voorbladartikel*)

Die skeppingdoel en ook die toppunt van 'n **gelowige se geestelike groei is om volkome gelykvormig te word aan die beeld van Jesus Christus.** (Rom 8:29)

**MAAR WAT IS DIE WERKTUIG WAARDEUR GOD HIERDIE GEESTELIKE GROEI BEWERKSTELLIG?**

Die **vyf gawes** wat God vir die Kerk gegee het. Apostel, Profeet, Evangelis, Herder, en Leraar.

**Gemeentes wat gebou is rondom hierdie vyf gawes se invloed en bediening is gebou op God se patroon en sal geestelik gesonde mense huisves.** Hierdie gemeentes moet sorg dat die gemeente genoegsaam blootstelling kry aan al hierdie vyf tipes bedieninge, maar die aktiwiteite in die gemeente moet ook hierdie bedieninge reflekteer.

**Die aktiwiteite van elkeen van hierdie bedieninge sluit die volgende in:**

**Apostel:** Sending, Kerkplanting, Gemeenskap opheffing en transformasie, Mentorskap.

**Profeet:** Lofprysing en aanbidding, die gawes van die Gees, Vas en Gebed.

**Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om**

**Evangelis:** Dissipelskap, Massabyeenkomste, genesingsdienste.

**Leraar:** Opleiding, Bybelskool, Seminare, Toerusting.

**Herder:** Huiskerke, Sosiale byeenkomste.

**Die lede van die liggaam uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.** Die liggaam het 'n inherente vermoë om homself op te bou en mee te werk tot elke onderskeie lid se geestelike groei.

Maar dan moet die verskillende lede van die liggaam elkeen hul deel doen en meewerk! **Om aan 'n kerk te behoort en nie betrokke te wees by die meeste van die aktiwiteite nie, is soos om Gimnasium lidmaatskap te besit maar nooit te gaan oefen nie.**

Broer, Suster, **dit is jou betrokkenheid en deelname aan die meeste van die aktiwiteite van 'n gemeente WAT VIR JOU OPTIMALE GEESTELIKE GROEI BEWERKSTELLIG. Wees betrokke en neem deel!** (*meer hieroor in die volgende Rietfluit*).

(die oorspronklike dokument op <http://www.hrco.co.za/wp-content/uploads/2013/03/Hoekom-is-kerk-belangrik.pdf> is aangepas)

*The Master does not say to us, "Go and do everything,"  
but He marks out a special path for each of us and  
gives to each one of us a special duty*



## ----- DATUMS VAN BELANG -----

- ♦ **1 Sep:** Afsluiting: 40 Dae Reeks
- ♦ **14 Sep:** Karnaval
- ♦ **20 Sep:** Skole sluit
- ♦ **24 Sep:** Vakansiedag (Erfenisdag)
- ♦ **1 Okt:** Skole Open
- ♦ **5 Okt:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **13 Okt:** Aandnagmaaldiens om 18:00

*Sien jou daar!*

### Helpende Hand



Give your hands to serve  
and your hearts to love.

### Bydrae vir Jeugwerkerkursus

'n Jong man van ons gemeente is entoesiasies om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klaskeld. Dis deelydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie waardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as "Jeugwerkkursus" asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon TaiT.


### BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

[www.treecarepta.co.za](http://www.treecarepta.co.za)



## OMGEE-BEDIENING

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

### VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*



Dit is die bediening wat die omgeegroepes ondersteun en organiseer.

Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak



## GEESTELIKE VERNUWING IS NOODSAAKLIK

*Die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.*

Jesaja 40:31

Ons lees in die Bybel hoe dikwels Jesus Hom van die massas losgemaak het sodat Hy alleen met sy Vader kon wees. Hoeveel te meer is dit nie vir ons nodig om tyd saam met ons hemelse Vader deur te bring nie?

Dis in hierdie kosbare oomblikke wanneer jy deur gebed, Bybelstudie en bepeinsing by God stil word, dat die Gees weer die leë opgaarplekke in jou lewe vul.

As jy agterkom dat jy deur dor en bar plekke gaan of as jy weet dat jou geestelike lewe sy sprankel begin verloor, breek los uit die roetine sodat jy jou totale wese daaraan kan wy om stil te word in die teenwoordigheid van God.

*Vul my met u Gees, Here. Ek smee om u troos, krag en leiding, alles tot u eer. Amen.*

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik, Christian Art Gifts RSA, bl. 15 September



deur Christus-liefde gee ons vir almal om

**14 September 2019**

**7:00 tot 14:00**

**Hendrik Verwoerd  
Hoërskool Sportgronde  
18de Laan & Pierneef straat**

**Parkering Beskikbaar**

**Navrae:**  
Herman Labuschagne  
082 461 1152

 **Mini-Krieket**





# Vergifnis

**Baie mense vind dit moeilik om iemand te vergewe wat hulle diep seer gemaak het. Hulle onthou alles wat die persoon aan hulle gedoen het.**

Corrie ten Boom het baie gely terwyl sy in 'n konsentrasie kamp in Duitsland gevange gehou was tydens die Tweede Wêreldoorlog. Iemand het iets aan haar gedoen wat sy nie kon vergeet nie. Sy het hom vergewe maar in haar geheue het dit wat hy gedoen het, haar herhaaldelik geteister. Dit het haar van slaap beroof. Sy het tot op 'n punt gekom waar sy tot God geroep het om haar te help. Hierdie probleem moes opgelos word.

Dit was 'n goedgesinde Duitse predikant wat haar uiteindelik te hulp gekom het na twee weke sonder slaap. Hy het verwys na die klok in die kerkoring. As 'n persoon aan die tou trek om dit te lui, en dan die tou los, hou die klok nog aan om te lui, 'Ding, dong, ding, dong', stadiger en stadiger totdat dit tot stilstand kom en geen geluid meer gehoor kan word nie. So is dit ook met vergifnis.

As ons vergewe is dit asof ons die tou uit ons hande laat val, maar die klok van ons seerkry bly nog geluide maak, stadiger en stadiger, sagter en sagter. Ons moet nie verbaas wees as dit 'n tyd vat om heeltemal stil te word in ons gemoed nie. Daardie kwaai gedagtes en herinneringe is maar net die stadige swaai van die klok wat tot stilstand kom.

Sy sê toe dat die klok in die weke wat gevolg het in die middel van die nag nog stadig heen en weer geswaai het, maar omdat haar wil en emosies nie meer met die gedagtes gekoppel was nie, het die klok heeltemal tot stilstand gekom.

God kan ons help om nie net ons emosies nie, maar ook ons gedagtes gevange te neem.

**Broer, Suster, Jongmens: Vind jy dit dalk moeilik om iemand te vergewe wat jou diep seer gemaak het? Bly jy onthou en dink aan dit wat die persoon aan jou gedoen het? Moenie verbaas wees as dit tyd vat nie. Maar dit moet iewers ophou! Soos die klok se gelui.**

**Mag die Here jou daarin bystaan.**

**1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig**

*Leon Tait*

He renews my strength. He  
guides me along right paths,  
bringing honor to His name.

Psalm 23:3 NLT



Dear Lord, Thank you for  
the strength you give me  
every day. Thank you for  
guiding me down the  
right path. I trust in you.

## RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by [ilzedples@gmail.com](mailto:ilzedples@gmail.com).  
Kontak nommer is 0721113100